



Provinsie van die
OOS-KAAP
ONDERWYS

Steve Vukile Tshwete Onderwys Kompleks • Sone 6 Zwelitsha 5608 • Privaatsak X0032 • Bhisho 5605
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

HOOFDIREKTORAAT – KURRIKULUMBESTUUR

**GRAAD 12 LEERDER
ONDERSTEUNINGSPROGRAM**

**HERSIENING AND REMEDIËRENDE ONDERRIG
INSTRUMENT:
VRAE EN ANTWOORDE**

VAK: RELIGIESTUDIES – EERSTE VRAESTEL

Junie 2009

Hierdie dokument bestaan uit 11 bladsye.

Streng gesproke nie vir toets/eksamen doeleindes nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae.
2. VRAAG 1 is verpligtend. Kies enige TWEE vrae van die oorblywende drie (VRAE 2 – 4).
3. Al die vrae tel dieselfde punte.
4. Lees al die vrae deeglik deur voordat jy dit beantwoord.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik word.
6. Die lengte van jou antwoord moet in ooreenstemming wees met die punte wat vir elke vraag toegeken word.
7. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAG 1 (VERPLIGTEND)

- 1.1 Verduidelik kortliks elk van die volgende konsepte ten opsigte van religie:
- 1.1.1 Identiteit (2)
 - 1.1.2 Eenheid (2)
 - 1.1.3 Vergelykbaarheid (2)
 - 1.1.4 Ooreenkoms (2)
 - 1.1.5 Verskil (2)
- 1.2 Bestudeer elk van die volgende stellings, wat verband hou met die verskillende tipes leringe, en beantwoord die vrae wat daarop volg.
- 1.2.1 Die Christelike geloof leer dat God die heelal geskep het. Kan dit as 'n **mite** geklassifiseer word? Gee 'n rede vir jou antwoord. (4)
 - 1.2.2 Die Christelike geloof leer dat daar net een God is. Sal jy die lering as 'n **doktrine** of 'n **ideologie** klassifiseer? Verduidelik jou antwoord. (4)
 - 1.2.3 Islam leer dat dit verkeerd is om 'n beeld van Allah te maak. Hoe sal jy die lering klassifiseer? Gee 'n rede vir jou antwoord. (4)
 - 1.2.4 Baie gelowiges van verskillende gelowe sê dat regeerders nie religieuse wette op mense moet afdwing nie en ook nie 'n enkele religie moet bevorder nie. Ander verkies dat die dominante religieuse wette die staat en die mense moet regeer. Hoe sou jy hierdie lering klassifiseer? Gee 'n rede vir jou antwoord. (4)
- 1.3 Noem die TWEE hoofvertakkinge van Islam. (4)
- 1.4 Noem die religie wat met elk van die volgende heilige bronne verbind kan word.
- 1.4.1 Die Koran (2)
 - 1.4.2 Die Bybel (2)
 - 1.4.3 Die Vedas (2)
 - 1.4.4 Die Talmud (2)
 - 1.4.5 Die Kitab-i-Aqdas (2)

- 1.5 Kies 'n konsep in KOLOM B wat pas by die beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A – E) langs die vraagnommer (1.5.1 – 1.5.5) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A	KOLOM B
1.5.1 Ontken die bestaan van God	A Monoteïsme
1.5.2 Siening dat ons nie kan weet of God of gode bestaan nie	B Politeïsme
1.5.3 Geloof in een God	C Ateïsme
1.5.4 Die geloof in een of meer gode wie die wêreld geskape het en na mense omsien	D Agnostisisme
1.5.5 Geloof in meer as een god	E Teïsme

(5 x 2)

(10)
[50]

VRAAG 2

- 2.1 Onderskei tussen die tradisionele geneser (inyanga) en die geestelike (*isangoma*). (10)
- 2.2 Lees die volgende storie oor die teenwoordigheid van dood in die wêreld en beantwoord die vrae wat volg:

Chukwu wou die wêreld aan die dood bekendstel om die bevolkingsgetalle van die wêreld te kontroleer. Almal in die wêreld het bang geword. 'n Noodvergadering was belê waar Chukwu self teenwoordig was. Dit was voordat hy die mense alleen gelaat het. Een groep mense wou nie hê dat God dood in die wêreld moet instel nie. 'n Ander groep was ten gunste daarvan maar op voorwaarde dat alle mense op dieselfde tyd moet sterf. Hulle kon nie 'n ooreenkoms in die teenwoordigheid van God bereik nie. God het hulle alleen gelaat om 'n besluit te neem. Hulle moes God dan laat weet van hulle besluit. Elke groep het hul eie boodskapper gestuur om hul saak te stel. Diegene wie geen dood wou hê nie het 'n vinnige hond gestuur om God eerste te bereik. Die ander groep het 'n stadige skilpad gestuur om God mee te deel dat Hy dood kon instel as 'n manier om die bevolking te beheer. Die diere het vroeg vertrek met hul boodskappe. Op reis moes hulle vele woestyne en sewe oseane deurgaan. Die hond het met 'n spoed weggetrek. Ongelukkig het dit oppad gestop om menslike ontlasting te eet, en daarna aan die slaap geraak. Die skilpad het stadig en doelbewus beweeg en eerste by God se paleis aangekom. Hy het sy boodskap aan God oorgedra en God het besluit dat lewe deur dood beëindig moes word as 'n manier om die bevolking te beheer. Die hond het te laat daar aangekom. Chukwu wou nie van besluit verander nie. Die mense was baie hartseer. Dood het begin om sy slagoffers te eis en het reguit na die jongmense gegaan. Hulle het gepleit dat hulle te jonk is en gevra vir meer tyd om hulself te geniet. Hulle het Dood na die oumense verwys. Die oumense het probeer om Dood te oortuig dat dit nie die regte tyd was om dood te gaan nie. Hulle het geargumenteer dat hulle lank gely het en moet meer tyd toegelaat word om hul kinders en kleinkinders te geniet. Hulle het Dood na die klein kinders verwys. Die klein kinders het geargumenteer dat hulle niks gedoen het om die dood te verdien nie. Hulle het Dood na die babas, wie se teenwoordigheid in die wêreld nie bevestig of beheer was nie, verwys. Hulle was nog nie ingeseën in die belangrike geheimenisse van die gemeenskap nie. Die babas het nederig gevra dat Dood hulle moet uitloos aangesien hulle geen skuld aan die kwaad en korrupsie in die wêreld het nie. Dood het na die armes gegaan. Hulle het gepleit vir meer tyd om geld vir hul kinders te bekom. Hulle het ook gekla dat hulle ly en nooit hul lewens geniet het nie. Hulle verwys Dood na die rykes. Die rykes het gevra vir tyd om hul besighede te organiseer en om hul projekte te voltooi voordat hulle doodgaan. Hulle het Dood geld aangebied om hulle uit te los. Dood het gedink dat al die argumente geldig is en het die situasie aan Chukwu

gaan verduidelik. Chukwu het kwaad geword vir Dood en hom blameer omdat hy vir mense se opinies gevra het. As gevolg daarvan is Dood se oë uitgehaal en sy ore verseël.

Hy was na die aarde met 'n ysterstok gestuur om almal wat hy teenkom te slaan. Hy was blind en doof en kon dus nie sien wie oud of jonk was nie. Hy kon ook nie die smeking en argument van enigeen hoor nie.

Daarom maak dood vandag geen onderskeid tussen mense wanneer hy hulle doodmaak nie.

[Vryelik vertaal uit: *African Spirituality – An Anthology of Igbo Religious Myth*, 1991]

- 2.2.1 Wat vertel die storie ons omtrent die aard van God? Is God liefdevol, regverdig, roekeloos of meelewend? Motiveer jou antwoord. (4)
- 2.2.2 Hoe, volgens die storie, kommunikeer mense met God? (4)
- 2.2.3 Hoe vergelyk die manier van kommunikasie met ander religieë? Dink na oor religieë wat direk kontak met God het en ander wat tussengangers gebruik en wat hulle is. (8)
- 2.2.4 Wat is die verduideliking vir die feit van dood in enige ander twee religieë waarvan jy kennis dra? (12)
- 2.3 Noem en verduidelik enige DRIE mites. (12)
- [50]**

VRAAG 3

- 3.1 Lees die volgende uittreksel aandagtig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

David en Goliat (Abrahamiese religieë.)

Die land was deur die vyand, die Filistyne, binnegeval. Koning Saul het sy weermag byeengebring en 'n kamp regoor die Filistyne se weermag opgesit. Elke dag het Goliat, 'n Filistyn, uitgekom en koning Saul se weermag uitgetart. Hy het enigeen van Saul se soldate, wat dapper genoeg was, uitgedaag tot 'n tweegeveg. Die wenner sou 'n oorwinning vir sy weermag teweegbring. Die verloorder se weermag sou as verslaan beskou word. Goliat het Saul se soldate getreiter want niemand was bereid om teen hom te veg nie. Op 'n dag het Dawid, 'n jong herder, by die koning se kamp opgedaag om vir sy broers kos te bring. Hy het die uitdaging gehoor en het hom geskaam vir die lafhartigheid van koning Saul se soldate. Hy het aangebied om Goliat se uitdaging te aanvaar. Hy het geweier om die skild wat Saul hom gegee het te dra omdat dit te swaar was. Hy het verkies om sy skaapwagterslinger en vyf klippies te gebruik om teen Goliat te veg. Dawid het gesê dat God hom gaan help om vir Goliat te verslaan. Hy het een klip in die slinger geplaas en na Goliat gegooi.

Die reus het bewusteloos neergeval. Dawid het Goliat se swaard geneem en sy kop afgekap. Die Filistynse weermag het uit vrees gevlug.

[Vryelik vertaal uit: *Shuter's Religion Studies Grade 11* deur Hofmeyer J. et al. 2006:31]

- 3.1.1 Die gebeure in hierdie verhaal het baie jare gelede plaasgevind. Hoe was dit oorgedra voordat dit in geskrewe vorm verskyn het? (4)
- 3.1.2 Wat is die doel van hierdie verhaal? (2)
- 3.1.3 Waarom het Dawid geweier om Saul se skild teen 'n opgeleide soldaat soos Goliat te dra, behalwe vir die feit dat dit te swaar en groot was vir hom? Motiveer jou antwoord met 'n aanhaling uit die leesstuk. (6)
- 3.1.4 Verduidelik die konsepte “**verhaal**” en “**mite**”. Verduidelik hoedat hulle verskil en hoedat hulle ooreenstem. (10)
- 3.1.5 Wat verteenwoordig Dawid volgens die verhaal? Haal EEN verklaring uit die leesstuk om jou antwoord te motiveer. (4)
- 3.1.6 Waarop dui die fisiese verskille tussen Dawid en Goliat volgens jou antwoord in VRAAG 3.1.5? (4)

- 3.2 Lees die onderstaande vereenvoudigde uittreksel met betrekking tot die evolusieteorie en beantwoord die vrae wat volg. Gebruik die uittreksel en jou eie kennis om die vrae te beantwoord.

Volgens die evolusieteorie is alle vorme van lewe aan mekaar verbind en spruit dit uit 'n gemeenskaplike oorsprong. Die verskillende soorte lewe verskil nie absoluut nie, maar kan op 'n enkele kontinuum voorgestel word.

- A Die lewe ontwikkel uit 'n proses wat van eenvoudig tot ingewikkel strek. Die verskillende vorme van lewe het nie volkome finaal ontstaan nie, maar het met verloop van tyd ontwikkel.
- B Hierdie proses het baie miljoene jare gelede begin en gaan steeds voort. Lewe het nie 'n paar duisend jaar gelede binne 'n paar dae ontluik nie, maar kan tot bykans 3 500 miljoen jaar gelede teruggespoor word.
- C Menslike wesens is by hierdie proses ingesluit. Evolusie huldig die standpunt dat mense nie anders as ander lewensvorme is nie. Mense is deel van die lewensproses van ontstaan en sterf. Mense het deur die loop van miljoene jare prosesmatig ontwikkel, totdat die moderne mens uiteindelik omtrent 100 000 jaar gelede ontluik het.

[Vryelik vertaal uit: *Religie Studies Graad 12*, Steyn Kruger Clasquin bladsy 243]

- 3.2.1 Bespreek kortliks die oortuigings van die tradisionele religieuse siening van lewe en menslike bestaan wat volgens sommige gelowiges deur die evolusieteorie uitgedaag kan word. (6)
- 3.2.2 Verduidelik die term ateïsme en verduidelik hoedat sekere ateïste die evolusieteorie wil gebruik om hul wêreldsiening te ondersteun. (8)
- 3.2.3 Bespreek kortliks hoe, uit 'n konserwatiewe, ortodokse oogpunt, die Tora, die Christelike Bybel en Koran, die skepping ondersteun. (6)
- [50]**

VRAAG 4

- 4.1 Lees die onderstaande uittreksel uit die *Sunday Times* van 12 Februarie 2006 oor die konflik tussen religie en die media en beantwoord die vrae wat daarop volg.

SA MOSLEMS AS AANGESÊ OM KALM TE BLY

Teoloë verwerp die dreigemente van geweld, en doen beroep op vreedsame protes. “Die kabinet sê die media se reg tot vryheid van spraak moet met ander regte balanseer”.

CHARLES MOLEFE

Suid-Afrika se Moslemleiers het Vrydag 'n beroep op kalmte gedoen na 'n week van protes oor die publikasie van tekenprente van die profeet Mohammed.

In 'n verklaring wat vandag in die *Sunday Times* gepubliseer is, het die Jamaitul Ulama van Transvaal gesê dat hulle nie die dreigement van geweldpleging wat deur sommige in hierdie land geuite is, kan goedkeur nie en Moslems versoek om vreedsaam protes aan te teken.

Hulle het 'n beroep op hulle gedoen om die “boikot” van die *Sunday Times* en van enige ander media wat sensitiwiteit teenoor die oortuigings en gebruike van die verskillende religie-gebaseerde gemeenskappe in die land betoon, op te hef.

Die verklaring het gekom op 'n tydstip toe spanning tot 'n punt gekom het oor die publikasie van tekenprente in verskeie lande dwarsoor die wêreld en plaaslik in die *Mail & Guardian*.

Internasionaal was daar geen verslae oor gewelddadige konfrontasies of doodsdreigemente op Vrydag nie. Die stilte het gekom nadat die Deense Ambassade in Sirië en Beiroet verlede naweek aangeval is en ten minste agt mense gedood is in Afghanistan toe veiligheidsmagte probeer het om die protes op Maandag en Dinsdag te onderdruk.

In Suid-Afrika is 'n impromptu gelokaliseerde boikot van die *Sunday Times* deur Moslems met 'n reuse-betoging hierdie week voor die Deense ambassade in Pretoria opgevolg. Protesoptogte is ook in Kaapstad en Durban gehou.

Die betogers het 'n beroep gedoen dat daar – ooreenkomstig die internasionale versoeke – 'n verbod op die verkoop van Deense produkte ingestel moet word. Die hoogtepunt van emosies het selfs daartoe gelei dat die kabinet die saak op Woensdag bespreek het. In 'n verklaring het die kabinet gesê die media se reg op vryheid van spraak gebalanseer moet word met die ander regte wat in die Grondwet beskerm is.

“Suid-Afrika ondersteun die beginsel van vryheid van spraak. “Ons grondwet moedig ons aan om in die uitoefening van hierdie reg, die sensitiwiteit van individue en gemeenskappe te respekteer en optrede te vermy wat as haatspraak vertolk kan word,” is gesê.

Die uitstorting van woede het ook daartoe gelei dat die polisie die veiligheidsmaatreëls by die Deense missies in Suid-Afrika verskerp het.

Die woede het verlede Vrydag in Suid-Afrika oorgekook toe die *Sunday Times* geweier het om aan die Jamiatul Ulama 'n onderneming te gee dat hulle nie die tekeninge sal publiseer nie. Die koerant wou sy reg om sy eie redaksionele besluite te neem verdedig, eerder as om deur drukgroepe gedikteer te word.

Die Jamiatul was suksesvol om 'n laat nag interdik te bekom wat die koerant verhoed om die spotprente te publiseer, met regter Mohammed Jajbhay wat die *Sunday Times* inhou, want “die reg om waardigheid, beide vir 'n individu en 'n groep, is meer belangrik as die reg tot vryheid van spraak.”

Sy besluit is met ontsteltenis ontvang deur redakteur Mondli Makhanya en die SA Nasionale Redakteursforum, wat gesê het dat dit neerkom op 'n ernstige slag vir die vryheid van die pers”.

Tog het Jamiatul Ulama, na 'n week van samesprekings met die *Sunday Times* gesê, die redakteur van die *Sunday Times* het ons tevrede gestel met hierdie publikasie se gewilligheid om die belangrikheid van vryheid van spraak met die sensitiwiteit van die lesers te balanseer”.

Ondertussen het die *Mail & Guardian*, die enigste koerant in Suid-Afrika wat een van die tekeninge op sy wêreldbladsy gepubliseer het – verskoning daarvoor gevra, en gesê hulle het nie bewustelik op die religieuse gevoeligheid van die Moslems “getrap” nie.

“Dit is ons gevestigde beleid dat, indien ons op die religieuse of etniese gevoeligheid van enige groep Suid-Afrikaners sou trap, ons onvoorwaardelik daarvoor om verskoning sou vra,” het hulle in die redaksionele artikel gesê. “Verlede jaar het ons vir die Joodse gemeenskap om verskoning gevra vir 'n tekening wat aanstoot gegee het.

Dit is in dieselfde gees dat ons verskoning bied aan die Moslems, wat aanstoot geneem het aan ons publikasie verlede week van een van die tekeninge, waarvan die publikasie in 'n Deense koerant wydverspreide protes in Europa en die Midde-Ooste uitgelok het”.

Torben Brylle, die Deense ambassadeur in Suid-Afrika het gesê dat hy die woede van die plaaslike Moslems aan die Deense regering oorgedra het. Hy het ook Moslem leiers in Suid-Afrika daarvan verseker dat daar geen bedoeling was om die Moslems te affronteer.

[Bron: *Religion Studies Grade 12*, Steyn Kruger Clasquin, bladsy 220]

- 4.1.1 Hoe het die Jamiatul Ulama op die betogings deur Suid-Afrikaanse Moslems gereageer? (2)
- 4.1.2 ‘Die kabinet het gesê dat die media se reg op vryheid van spraak met ander regte moet balanseer’.
Skryf TWEE oorwegings neer wat die media, volgens die kabinet, in gedagte moet hou wanneer dit die reg op vryheid van spraak uitoefen. (4)
- 4.1.3 Wat was die rede vir die Suid-Afrikaanse Moslems se impromptu boikot van die *Sunday Times*? (2)
- 4.1.4 Dink jy dat die publikasie van die spotprente oor die Profeet Mohammed was die regte ding om te doen? Motiveer jou antwoord. (4)
- 4.1.5 Dink jy dat die artikel in die *Sunday Times* beide kante regverdig voorstel of beïnvloed dit die lesers om kant te kies? Motiveer jou antwoord. (4)
- 4.1.6 Hoe het die Deense ambassadeur in Suid-Afrika op die Moslem protes gereageer? (2)
- 4.1.7 Wat het daartoe aanleiding gegee dat die polisie veiligheid by die Deense missies in Suid-Afrika opgeskerp het? (2)
- 4.1.8 Skryf 'n brief in jou skoolkoerant waarin jy die reg tot vryheid van spraak balanseer met die verantwoordelikheid om religieuse verdraagsaamheid te onderhou en te bevorder. (10)

- 4.2 Lees die onderstaande koerantartikel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Kinders moet hul moeder begrawe

Deur Thamsanqa Ngubane

Twee kinders van Inanda was met die grootste verantwoordelikheid opgesaal om hul moeder te begrawe omdat hul naasbestaendes nie kon help nie.

Pamela Msindwana het in die Mahatma Gandhi Gedenkhospitaal, in Phoenix, Durban, op Sondag, kort na 'n siekbed, gesterf. Sy het haar twee kinders, Andiswa (14), en Mothokozsi (5), agtergelaat. Beide kinders se vaders was ook oorlede. Hulle het gesê dat hulle van een naasbestaende bewus was maar het nie geweet waar hy was nie. Andiswa, wie nou na haar broer moes omsien, moes nou 'n ander manier vind om haar moeder te begrawe.

“The Mercury”, het die twee kinders Donderdag in hul eenvertrek-sinkhuisie gaan besoek. Die kinders kon nie skool bywoon nie omdat hul moeder nie die skoolfooie kon bekostig nie. Die Departement van Maatskaplike Dienste kon die kinders nie met hul moeder se begrafnis help nie. Hulle het egter hulp na die begrafnis aangebied.

- 4.2.1 Identifiseer die sosiale probleem in die artikel. (2)
- 4.2.2 Wat is die moontlike oorsake van die sosiale probleem? (4)
- 4.2.3 Dink jy dat religieuse mense 'n verantwoordelikheid het om by die soort probleem betrokke te raak? Verduidelik jou antwoord. (10)
- 4.2.4 Noem TWEE soorte rolle van rituele. (4)

[50]

TOTAAL: 150